ODOS 8

Opleiding

SELFSTUDIE (Baie belangrike leeswerk ter voorbereiding vir die groep se aanbieding)

Skandeer met 'n "QR Scanner" en kyk na die video wat 'n opsomming gee van die boek Spreuke.

SKANDEER

DEEL 1: LEER SPREUKE VAN NADERBY KEN

Spreuke is sonder twyfel een van die belangrikste wysheidsboeke in die Bybel. Dit bevat spreuke en lewenslesse uit die pen van Israel se wysheidsleraars. Hulle was mense wat die Here en die lewe baie goed geken het. Hulle het geweet watter soort gedrag mens ongelukkig maak, maar ook watter gedrag groot vreugde in die Here se teenwoordigheid bring. Hierdie leraars se woorde is in God Self geanker, maar dit is terselfdertyd baie prakties. Spreuke het met die alledaagse lewe te make. Al die spreuke en lewenswyshede in Spreuke wil vir ons praktiese lewensvaardighede leer. Wie goed daarna luister en dit sy en haar eie maak, sal weet hoe om in elke situasie reg op te tree en hoe om die Here reg te dien.

Spreuke is nie maar net 'n klompie goed-voel verse nie

Spreuke is nie maar net 'n versameling van allerhande mooi versies nie. Dit is nie een van daardie boeke met gevleuelde aanhalings wat jy deesdae op winkelrakke raakloop nie. Nee, Spreuke is die resultaat van 'n lang wysheidstradisie wat aan die koninklike hof sedert die tyd van koning Dawid en Salomo geleer is. Hierdie wysheid is veral geleer aan jongmanne wat in die koning se diens was, of wat ander belangrike posisies in die samelewing beklee het. Hierdie toerusting is waarskynlik begin deur indiwidue in die tyd van Israel se eerste konings wat baie bekommerd was dat die jongmense van hulle dag sonder die nodige insig en wysheid grootword. Daarom dat hulle toe die jongmense begin leer het hoe om die kuns van die lewe en wysheid behoorlik onder die knie te kry.

Spreuke se soort wysheid is ontleen uit allerhande oorde: uit die natuur, die landbou, die regswese, die politiek, doodgewone menslike gedrag, maar ook uit skriftelike bronne van buurvolke soos die Egiptenare en die Babiloniërs. Maar wysheid binne Israel is altyd in verband gebring met die dien van God. Dit was die grootste les wat al die jonges moes leer. Natuurlik moes hulle ook leer hoe om goeie leiers te wees wat nooit hulle posisies misbruik nie. Hulle moes ook leer hoe om verstandig binne elke situasie op te tree. Die wysheidstradisies, soos wat ons dit in Spreuke raakloop, wil vir mense leer wat hulle plek voor God en tussen ander is.

Verskillende skrywers, baie leeflesse

Na die Babiloniese ballingskap in die jaar 586 voor Christus, is die taak om mense te help om reg te leef veral deur die Joodse Skrifkenners behartig. By hulle skole is lang besprekings gehou oor wat die wysheidsuitsprake presies beteken en hoe om dit in die alledaagse lewe toe te pas. Hierdie wysheid het 'n baie groot invloed deur die eeue op baie Israeliete se lewens uitgeoefen. Geen wonder nie dat ons in ander Ou- en Nuwe Testamentiese boeke die spore van wysheid om elke hoek en draai raakloop. Neem maar net die beskrywing van Josef se doen en late in Genesis 37-50, dan kom jy gou-gou agter dat dit in die taal van wysheid gegiet is. Of lees die Jakobusbrief in die Nuwe Testament, dan sien jy dat dit wemel van voorbeelde hoe om wys op te tree (Jak 1:9-27; 3:1-18). Ons Here Jesus het ook dikwels van wysheidsuitsprake gebruik gemaak, soos wat die Bergrede in Matteus 5-7 vir ons uitwys.

Breë indeling van Spreuke

Spreuke is nie deur 'n enkele persoon kant en klaar geskryf nie. Hierdie aangrypende boek bestaan uit verskillende versamelings van wysheidslesse. Hieruit lei ons af dat dit oor 'n lang tyd ontstaan het. 'n Paar gedeeltes (10:1-22:16; 25:1-29:27) word byvoorbeeld met koning Salomo geassosieër, terwyl ander dele se skrywers of onbekend is (Spreuke 1-9), of met 'n man genaamd Agur (Spreuke 30-31) in verband gebring word.

a. Die eerste nege hoofstukke wys vir ons hoe wysheid en dwaasheid in aksie lyk. Spreuke 1-9 bestaan met name uit tien gesprekke wat elke slag ingelei word met die woorde "my seun" en wat dien as instruksies vir verskillende vorms van wysheid (1: 8-19; 2:1-22; 3:1-12; 3:21-35; 4:1-9; 4:10-19; 4:20-27; 5:1-23; 6:20-35; 7:1-27).
b. Spreuke 10:1-22:16 bevat belangrike lewenslesse wat aan Salomo toegedig word en wat in losstaande, kort uitsprake met ons gedeel word. Terwyl Spreuke 1-9 uit lang digterlike gdeeltes bestaan, word korter spreuke van nou af in die res van Spreuke aangebied. Meestal gebeur dit in die vorm van twee reëls of stellings wat teenoor mekaar staan en wat verskillende aspekte van wysheid en dwaasheid met mekaar kontrasteer. Korter spreuke word ook met ons gedeel in die vorm van sinne of stellings wat dien as waarnemings oor wat in die lewe rondom ons gebeur (bv. 10:1-21). Of dit word aangebied as instruksies waar sekere bevele gegee word wat deur ons nagekom moet word (bv. 22:9-10, 12).
c. 'n Derde versameling van wysheidsmateriaal kom voor in Spreuke 22:17-24:34. Hierdie algemene wysheidsuitsprake, wat ooreenkomste vertoon met Egiptiese wysheidsboeke soos die leringe van Amenemopet, maak ruim gebruik van beelde uit die natuur en die regspraak.
d. 'n Vierde deel van Spreuke, naamlik hoofstuk 25-29, word in verband gebring met nog 'n Godvresende koning van Israel, naamlik Hiskia van Juda wie se wyse manne koning Salomo se wyshede sou neergepen het.
e. 'n Laaste versameling van wysheidsmateriaal kom voor in Spreuke 30-31 onder die naam van Agur. Dit is hier, heel aan die einde van die Spreukeboek, dat hy met name ook die wonderlike eienskappe van die deugsame vrou besing (31:10-31). Wysheid is dus nie net 'n "manlike ding" nie (alhoewel hulle dit dalk die heel nodigste het!). Ook vroue wat op God se pad stap, moet die kuns van wysheid aanleer. En hulle kry dit inderdaad baie goed reg, soos wat Spreuke 31 dit in die helderste kleure denkbaar vir ons beskryf.

Daar's net twee soort mense op aarde: wyses en dwase

Vir Spreuke is daar twee soorte mense hier op aarde: wyses en dwase. Eersgenoemde groep, die wyses, weet hoe om reg te leef voor die Here en tussen ander mense. Hulle kry verskillende name in Spreuke. Hulle is "gelowiges." Hulle is "wys" "goed" en "slim". Die tweede groep is dwase. Hulle is "ongelowiges" wat "dom," "sleg" en "dwaas" is. Hulle doen altyd die verkeerde dinge wat God se hart breek. Dwase is onleerbaar. Hulle luister nooit na enige goeie raad nie (23:9). Hulle is selfsugtig. Hulle steur hulle nie aan eerlike teregwysings nie. Hulle soek nooit die regte hulp nie. Arrogansie, skinderstories en verdagmakery kenmerk hulle gedrag. Dwase is vol van hulleself. Hulle leef sonder insig. Hulle stry en baklei heeltyd, en hulle is wraaksugtig (22:24), suinig (23:6), lui, arm, en vol bekommernis (15:16). Hulle drink heeltemal te veel (23:31) en hulle leef losbandig (5:8-9).

Te midde van verskillende Hebreeuse woorde vir dwase, staan die term`evīl veral uit. Met name dui dit op eiewyse, onleerbare mense. Sulke dwase luister nooit na enige rede nie. Hulle verafsku wysheid (16:22; 29:9). Hulle is oorversekerd en arrogant (12:15). Op hulle lippe wemel woedende woorde, want rusiemaak is hulle kos (20:3; 27:3). Ook ken Spreuke 'n groep selfgesentreerde, opgeblase dwase. Hierdie soort dwaas word 'n kesīl genoem in Hebreeus. Onmiddellike genot is al wat vir sulke mense saakmaak (10:23), saam met met 'n onbeheerbare tong wat hulle gedurig in die moeilikheid bring (18:6-7). Ook is hulle lief vir skinderpraatjies (10:18), leuens (15:14) en onkunde (15:7). Sulke dwase is totaal en al onleerbaar (26:11), roekeloos (14:16) en gevaarlik, want spoggery (14:33) en ligsinnigheid (13:16) is hulle kos.

Wyse mense dien die Here

Die enigste geneesmiddel vir dwaasheid is om God se wysheid te bekom. In Hebreeus staan wysheid bekend as *gokmah*. Dit begin met eerbied vir die Here (1:7). Wysheid mond uit in 'n deurdagte lewe in sy nabyheid. Die Here is altyd 'n sterk vesting vir wyses, soos wat Spreuke 18:10 sê. Lewensgeluk in sy teenwoordigheid hou verband met die regte gedrag. Wie reg leef voor die Here, ervaar blydskap. Wie die lewenswaarhede uitleef wat in Spreuke verpak is, is 'n gelukkige mens. Hy of sy ervaar aardse seëninge, soos gesinsgeluk, 'n goeie huwelik, besittings, kalmte van gees, en sommer nog baie meer. Spreuke se wysheid is sinoniem met karaktervorming, en dit begin alreeds by kinders en jongmense. Niemand is ooit te jonk om wysheid aan te leer en in te oefen nie. Of te oud nie. Wysheid in die lewens van sowel jonk as oud het te make het met die regte "lees" van die lewe en God se wil. Wysheid maak dat ons almal ons plek voor Hom en tussen ander ken.

Die pad van wysheid is gelyk aan 'n lewe van nederigheid. Wyse mense speel nooit die hoofrol in hul eie lewe nie. Hulle het hierdie plek afgestaan aan die Here. Daarom kry hulle dit reg om sorgvry te leef, en om nie heeltyd die soeklig op hulleself te laat val nie. Wyses leef op die pad van goeie verhoudings. Hulle is altyd lojaal, deursigtig en eerlik. Hulle raad is elke keer opreg en sonder enige bymotiewe. Wyse mense is ook leerbaar. Hulle luister graag na goeie raad. Hulle maak hulle ore wyd oop vir die advies van mense wat insig het in die lewe, asook in die roetes van die Here. Hulle omring hulleself gedurig met mense wat hulle leer hoe om op die Here se pad te leef.

Wysheid en dwaasheid is altyd hoorbaar

Verkeerde woorde het al oorloë begin; huwelike opgebreek; vriendskappe verwoes, en aanleiding gegee tot moorde en hofsake, wantroue, en vyandskap. Spreuke 18:12 sê nie verniet dat ondeurdagte woorde soos messteke is nie. Spreuke 30:14 sê boonop dat sommige mense se tande soos swaarde is en hulle kakebene soos messe - lewensgevaarlike praat-apparaat dus! Aan die ander kant het regte woorde weer gelei tot vergifnis, versoening, vrede, stabiliteit, goeie verhoudings, en gelukkige huwelike. Spreuke weet met name dat wysheid en dwaasheid altyd hoorbaar is. Dit word vasgevang en uitgedruk in die woorde wat ons gedurig gebruik. Om elke hoek en draai maak hierdie Bybelboek dit duidelik dat ons tong 'n wapen is, maar onsself het elke keer die verantwoordelikheid om te besluit of ons dit as 'n destruktiewe wapen gaan aanwend, of as 'n instrument van genesing en vrede.

Ons woorde weerspieël aan watter kant van die draad ons leef - of aan die kant van wysheid, of aan die kant van dwaasheid. Ons woorde is soos bakstene - ons gebruik dit of as wapens, of ons gebruik dit as boumateriaal. Partykeer is ons woorde soos messteke. Ander kere weer is dit soos fyn silwer. Geen wonder nie dat dwase altyd praat voordat hulle dink. Dis nou te sê, as hulle ooit dink. Die eerste ding wat in hulle koppe opkom raak hulle gewoonlik kwyt. Of dit ander mense kwets, seermaak of vernietig, skeel hulle maar min. Hoor net wat die inhoud en effek is van die woorde van dwase volgens Spreuke (Die Boodskap):

* *Slegte mense se woorde is vol haat en geweld (10:7).*
* *Wie iemand haat, vertel liegstories oor hom. Skinderpraatjies is tipies van 'n dwaas (10:18).*
* *'n Ongelowige verwoes ander met sy woorde (11:9).*
* *'n Slegte mens se woorde en dade kan 'n hele gemeenskap laat ly (11:11).*
* *Iemand wat skinderstories loop en versprei, lap ander se geheime uit (vgl. 11:13).*
* *Goddelose mense se woorde probeer jou in 'n lokval lei. Dit wil jou seermaak (12:6).*
* *Die Here haat 'n spul liegstories (12:22).*
* *Dom mense blaker die bietjie wat hulle weet vir almal uit (12:23).*
* *'n Kletskous praat maklik sy mond verby en beland in groot moeilikheid (13:3).*
* *Skerp woorde maak mense woedend (15:1).*
* *Vlymskerp woorde kan mense breek (15:4).*
* *'n Mens wat die Here verag, luister graag na smerige praatjies oor seks, geweld en moord. Hy kan nooit genoeg daarvan kry nie (17:4).*

* *'n Dwaas gee absoluut niks om vir die regte manier van leef nie. Sy mond is altyd vol oor ander mense (18:2).*
* *'n Dwaas se ondergang is sy mond. Hy praat te veel en skinder oor almal en vertel 'n spul leuens. Naderhand verstoot almal hom (18:7).*

Wysheid volgens Spreuke is om jou woorde behoorlik te weeg. Dit is om 'n wag voor jou mond aan te stel en om gevaarlike woorde te keer voordat dit jou lippe vir altyd verlaat. Wysheid is om te weet wat jy nie moet sê nie en om dit dan ook nie te sê nie! Wysheid is 'n keurig-geleefde lewe voor God en tussen mense waar jy van situasie tot situasie kies teen skerp woorde, maar waar jy in dieselfde asem altyd ook kies vir opbouende taal. Spreuke 12:41 sê tereg wyse woorde is soos saad wat gesaai word. Mettertyd dra dit baie vrug in ander mense se lewe. Woorde verander lewens. Daarom kies 'n wyse sy of haar woorde met versigtigheid en wysheid. Wyse mense laat God toe om hulle taal in geneesmiddels te omskep. Hoor net hoe mooi klink die inhoud en effek van die woorde van wyse mense volgens Spreuke, en ook watter effek God-verheerlikende en opbouende taal het (Die Boodskap):

* *'n Gelowige se woorde kan baie vir mense beteken. Dit is 'n onuitputlike bron van inspirasie (10:11).*
* *Wanneer 'n wyse praat, kan jy hoor hy ken die lewe (10:13).*
* *'n Gelowige se woorde is kosbaar (10:20).*
* *'n Gelowige se woorde is vol wysheid (10:31).*
* *'n Gelowige se wyse woorde is soos saad wat gesaai word. Mettertyd dra dit baie vrug in ander se lewe (12:14).*
* *'n Gelowige praat altyd die waarheid. 'n Mens kan op sy woord staatmaak (12:17).*
* *'n Slim mens is beskeie oor al sy kennis (12:23).*
* *'n Gelowige se woorde kan baie vir ander mense beteken. Hy trek self ook voordeel daaruit. Hy wat sy mond kan hou, bly uit die moeilikheid uit (13:2-3).*
* *'n Sagte antwoord laat die woede bedaar (15:1).*
* *Iemand wat kalm oor probleme praat, se woorde maak heel (15:4).*
* *'n Gelowige dink mooi voor hy antwoord (15:28).*
* *Mooi woorde is soos iets lekkers. Aangenaam om te eet. Goed vir die liggaam (16:24).*
* *Wie let op wat hy sê, verstaan wat wysheid is (17:27).*
* *'n Gelowige se woorde is soos 'n borrelende fontein. Dit bemoedig mense, troos hulle, wys hulle op die regte pad (18:4).*

Wysheid is prakties, nie teoreties nie

Wysheid, soos wat dit in Spreuke beskryf word, is nie sinoniem met geleerdheid of belangrike kwalifikasies nie. Dit het alles te make met die regte keuses en die regte lewensgedrag, met die manier waarop jy leef voor God en tussen mense. Wysheid wat jou eie gemaak is, help jou om reg te leef. Dit help jou om die regte dinge op die regte oomblik te sê, en om altyd reg te doen. Daarom moet jy gedurig jou kop en jou hart gebruik. Jy moet mooi dink voordat jy praat of enigiets doen. Jou hart moet reg ingestel wees op God. In die lig hiervan beoordeel jy elke situasie en elke verhouding goed en wat jy elke slag moet doen en sê. Wysheid om reg te leef en om nie al jou asem uit te mors op mense wat in die kring van die dwase uithang nie. Wysheid is om elke dag daardie einste dwaashede in jou eie hart hok te slaan.

Wysheid is 'n leefstyl. Jy is 'n lewenslange student in Spreuke se skool van wysheid. Jy gradueer nooit hieruit nie. Jy kom nooit op 'n plek dat jy die Here se wysheid baasgeraak nie. Jy hou dag vir dag aan met oefen. Elke dag moet jy onder andere van voor af beheer oor jou tong vat en leer om jou woorde te tel en om te dink voordat jy praat(10:19; 13:3; 17:27; 18:21l 26:4-5). Elke dag moet jy opnuut kies om respek vir jou ouers en vir ander mense te hê (10:1); om versoekings te systap (5:15-19); om nie 'n slaaf van 'n gejaag agter geld aan te wees nie (22:1); om nie lui te wees nie (10:1); om 'n oop hand vir mense in nood te hê (21:13), en om jou lewe versigtig te beplan (23:5).

Die regte wysheid het tot gevolg dat jy beheer vat oor jou emosies en dat jy nie 'n slagoffer van onbeheersde woede uitbarstings en vrees is nie (10:30; 11:19). Wysheid maak jou ook iemand wat goed sorg vir jou diere (12:10). Dit verander jou in iemand wat vrygewig is en wat nooit uitstel om 'n goeie daad vir iemand anders te doen nie (3:27-28). Wysheid is gelyk aan 'n ryk en vol lewe voor God en tussen ander, want 'n wyse het oorgenoeg om van te leef (3:9-10; 13:25). Daarom ignoreer jy nooit mense in nood nie (21:13), want 'n wyse weet dat om 'n arme te help is om 'n lening aan die Here self te maak (19:17). Daardie dinge wat wyses weggee, is ook die dinge wat hulle ryk maak (11:24-25).

Wyse ouers is goeie gesinsmense (18:22). Hulle weet hoe om hulle kinders reg op te voed met wysheid en met gesonde dissipline (20:11; 23:13). Wysheid is 'n keurig-geleefde lewe voor God en tussen mense. Dit is egter baie skaars. Die Prediker bereken in Prediker 7 dat daar slegs een wyse vir elke duisend dwase is. Hy skryf met name dat hyself tussen 'n duisend mans op straat slegs een wyse kon kry! Baie mense kies erder vir dwase dinge soos geld, roem, mag, immoraliteit en 'n lewe van selfsug. Dit versper die pad tot karaktervorming en tot die Here se wysheid. Min mense kies om hulle karakter diep te laat vorm tot God se eer.

Kies wysheid bo alles

Die grootste 'jackpot' ooit! Presies dit het Salomo een nag gewen toe die Here met hom gepraat het in 'n droom. Hy het vir Salomo in 1 Konings 3 gesê hy kan vra net wat hy wil hê, en hy sal dit kry. Wat 'n een-wens carte blanche, en dit direk uit God se hand! Toe vra Salomo vir wysheid en onderskeidingsvermoë om sy volk goed te lei. God was verstom oor Salomo se dapper versoek. Hy het toe nie vir geld gevra vir homself nie. Of 'n lang lewe nie. Of die dood van al sy vyande nie. Net wysheid. Dis al.

Onderskeidingsvermoë is om 'n fyn aanvoeling te hê vir God, asook vir mense. Dit is sinoniem met leerbaarheid. Dit verander jou in 'n wyse mens. Dit maak van jou 'n goeie leser van die lewe en van elke situasie waarbinne jy jouself bevind. Wysheid loop ook hand aan hand met die waagmoed om goeie keuses te maak na links of regs, boontoe of ondertoe, vorentoe of agtertoe. Of om te weet om partykeer net stil te staan en te wag.

Wysheid - God se soort - gaan nooit oor jouself of oor jou eiebelange nie. Dit gaan oor keuses en roetes wat ander mense se lewens voller maak met God se genade. Dit laat ander wen. Die vraag vir elkeen wat op Salamo se wysheid-pad leef is nie: “what's in it for me?' nie, maar eerder: “hoe wen God en ander mense deur my keuses, my dade en my woorde?” Om wys te wees, en om vir ander mense, en vir al vir die jongeres, wysheid aan te leer, is die grootste roeping ooit.

DEEL II: ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE VERSTAAN VAN SPREUKE

1. Wysheid kom in die Ou Testament voor in 'n hele aantal boeke, soos die Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Job en ook in die boek Rut. Die wysheidsliteratuur het aanvanklik vorm aangeneem binne wysheidskole wat in Israel ontstaan het aan die koningshuise in die tyd van Dawid en Salomo. Die doel hiermee was veral om jongmense te onderrig in God se beginsels en voorskrifte vir 'n gelukkige en wyse lewe. Tog geld wysheid vir almal, oud en jonk, mans en vroue, ryk en arm. Alhoewel wysheidsonderrig ook onder Israel se buurvolke voorkom, word dit binne Israel altyd verbind met geloof in die Here.

2. Spreuke se wysheid is diep teologies geankerd. Dit is nie net 'n klompie morele spreuke wat mense probeer aanspoor tot goeie gedrag nie. Elke fasset van die lewe word verstaan en beleef vanuit God. Regdeur Spreuke is daar 'n direkte verband tussen kennis van God en eerbied vir Hom (1:7, 29; 2:5; 9:10). Vrees vir die Here is die beginpunt maar ook die eintlike doel van wysheid. Dit gaan altyd oor die Here, nie oor wysheid as 'n doel opsigself nie. Wysheid is gegrond in 'n wêreldbeeld waarbinne God sentraal staan. Dit spruit voort uit die regte kennis van God as die Skepper van hemel en aarde, maar ook as die Een in wie alle wysheid gesetel is. Hy is die Here wat sy wysheid aan mense skenk.

3. Wysheid gaan oor die regte kennis, norme, voorskrifte en lewenslesse wat mense in staat stel om reg te leef in God se teenwoordigheid en tussen ander. Wysheid maak daarom 'n ingrypende verskil aan die manier hoe indiwidue leef, praat en dink. Dit beïnvloed alle fasette van die lewe vanaf die gesin, opvoeding, seksualiteit, taal, selfbeheersing, rykdom, armoede, werk, tot by die rol en plek van alle mense in die samelewing.

4. Wysheid en dwaasheid word in Spreuke 1-9 as twee vroue voorgestel. Met name bestaan Wysheid al van voor die skepping af (8:22-36). Wysheid is deur God self geskep nog voordat die aarde, of enigiets anders daar was (8:22). Wysheid is met name God se lieflingskind (8:30) deur wie Hy alles geskep het (3:18). Geen wonder nie dat Wysheid gepersonifiseer word en mense self ook oproep om haar voorskrifte te ontdek en dit hulle eie te maak. Om wysheid te vind is om die Here Self te vind (8:32-33). Vrou Dwaasheid bestaan egter nie voor die skepping af nie. Sy is tydelik, aards. Volgens Spreuke 9 is albei hierdie vroue se wonings in die regte lewe te vind. Wysheid en Dwaasheid is betrokke op presies dieselfde terrein. Beide berei ook 'n feesmaal voor en beide nooi onkundiges vir 'n ete. Hulle uitnodigings en hulle feeskos sien egter radikaal anders daar uit. Ook het dit uiteenlopende gevolge. Met name bied Wysheid se fees lewe, insig en voordeel aan diegene wat hier kom aansit, terwyl Dwaasheid weer die doderyk en ondergang as 'beloning' bied. Die eintlike stryd is dus nie net tussen wysheid en dwaasheid as daaglikse keuses tot 'n beter of slegter lewe nie. Ten diepste gaan dit oor lewe en dood as ewige katergorieë wat in Spreuke op die spel is.

5. Spreuke weet van sonde en sondaars, maar verkies om van dwaasheid as die alternatiewe lewensroete tot wysheid te praat. Dwaasheid is om stroomop teen God se skeppingsordeninge en sy wysheid in te leef. Dit is om ongehoorsaam aan God te wees en om sonder enige aanspreeklikheid te leef teenoor Hom en teenoor ander. Sowel wysheid as dwaasheid is lewenskeuses en leefwyses, en nie maar ner 'n paar indiwiduele momente of situasies of besluite nie. Beide word daarom ook voorgestel 'n pad (12:15).

6. Indiwidue word in Spreuke 1-9 op verskillende maniere opgeroep om hulle te draai tot wysheid. Mense word deurgaans opgeroep om wysheid met alles in hulle na te jaag. Hulle moet dit begeer, soek, en agterna hardloop. Wysheid vra indiwidue se totale lewe; dit vra 'n bekering tot die pad van wysheid. Wysheid gaan immers oor keuses wat die verskil beteken tussen dood en lewe, geluk en ongeluk, voorspoed en teenspoed.

7. Wysheid raak sowel die kop en die hart. Dit is nadenkend, gevoelsmatig en wil-aangedrewe! Wysheid is sinoniem met "faith seeking understanding." 'n Onvermoë om God se roete van wysheid raak te sien en ook na te volg, lei tot 'n dwase leefstyl wat noodlottige gevolge inhou. Om byvoorbeeld die punt te mis dat God harde werk eer, lei tot luiheid wat armoede meebring. Of om voor Spreuke 6-7 se vrou van losse sedes te swig, is om in die doderyk self verstrengel te raak. Daarom moet die pad van wysheid aanhoudend ingeoefen en bewandel word. Geen wonder nie dat terme soos "hoor," "luister" en "leer" sleutelwoorde is regdeur Spreuke (3:1; 4:1; 4:10; 6:20; 7:1). Wysheid verg aanhoudende inspanning, toewyding, refleksie, en nadenke. Dit heilig mense se verstand en hart. Dit maak hulle denke en hulle dade geestelik.

8. Gebed en studie van die Bybel staan nie op die voorgrond in Spreuke nie. Dit gaan hier oor insig, leerbaarheid onderskeidingsvermoë, refleksie en denke as sleutels om wysheid baas te raak. Die eie-maak van wysheid, sodat dit "'n werk van die hart" kan word, is die doelwit van wysheid. Sonder 'n innerlike karakter wat deur wysheid gevorm is en wat op vrees vir die Here geskoei is, kan wysheid nooit in iemand se lewe posvat of groei nie.

9. In Spreuke is daar nie sprake van 'n formele godsdienstige sisteem, soos die tempel, sinagoges of die kerk nie. Ook is daar nie sprake van godsdienstige personeel soos priesters, leraars, profete of Skrifgeleerdes nie. Amptelike godsdienstige aktiwiteite soos offers, gebede en amptelike byeenkomste word ook nêrens beklemtoon nie. Spreuke speel af in gewone woonhuise, families en op ander plekke in die regte lewe.

10. Spreuke ken nie twee afsonderlike wêrelde, 'n sogenaamde "godsdienstige wêreld" doer eenkant, en 'n ander, sondige wêreld" nie. Regdeur Spreuke is daar net sprake van een wêreld waar almal leef, wyses en dwase inkluis. Hier moet wysheid baasgeraak en uitgeleef word.

11. Wysheid gebeur nooit outomaties nie. Uiterlike gehoorsaamheid aan wysheidsbeginsels is nie genoeg nie. 'n Lewe van wysheid kan ook nie bemeester word deur die nakom van formele godsdienstige praktyke nie. Wysheid gaan altyd oor 'n verhouding van eerbied en gehoorsaamheid aan God en oor die regte gedrag binne alle verhoudings.

12. Wysheid is 'n lewenslange leerskool wat binne die regte lewe afspeel. Hier is almal wat wysheid najaag lewenslange studente van God, van ander en van die lewe self. Nooit raak enigiemand wysheid volledig baas nie. Nooit gradueer enigiemand uit die skool van wysheid nie.

13. Wysheid loop hand aan hand met persoonlike verantwoordelikheid, onderskeidingsvermoë en nadenke. Spreuke konfronteer indiwidue gedurig op om goed na te dink oor hulle lewensroetes. Daar bestaan nie kortpaaie soos 'n vinnige "gebed-ontsnappingsroete" of maklike antwoorde soos: "die Here het dit of dat vir my gesê", of: "ek het die volgende openbaring ontvang," of: "ek het Skrif gekry" nie. Elkeen wat wysheid najaag moet deurdagte keuses maak ten opsigte van God, interpersoonlike verhoudings, geld, seksualiteit, taal, hulle eie rol en plek in die samelewing, ensovoorts.

14. Wysheid word oorgedra deur persoonlike onderrig. Die inoefening van wysheid veronderstel leermeesters, lering en mentorskap. Wysheid-onderrig is eerstens gemik op jongmense wat nog ervaring kortkom. Hulle word deur ouer wysheidsleraars onderrig wat self wysheid beliggaam. Tog is wysheid ook vir volwassenes bedoel, vroue sowel as mans. Wysheid is ook familie-aangedrewe. Die onderrig-spasies vir wysheid in Spreuke is woonhuise, daar waar families leef en lewe saam doen. Wysheid-onderrig gebeur nie formeel nie. Dit is nie kurrikulum- of programgedrewe nie, maar verhouding-gebasseerd. Wyse mentors, vriende en familielede help mekaar en ander om God se wyse pad reg te bewandel. Daarom maak wysheid-studente altyd deel uit van 'n veilige familie. Hulle behoort aan 'n geloofsgemeenskap wat omgee en sorg dra vir mekaar.

15. Wysheid lei tot 'n vervulde lewe vol blydskap en insig. Dit heilig mense se lewe. Dit bring hulle naby aan God (2:5-6). Dit verleen aan hulle insig oor Sy pad (2:9-14). Aanhoudende nadenke oor wat wysheid is, saam met die regte keuses, mond uit in 'n keurig geleefde lewe waar die wyse al hoe meer begryp wat wysheid is en ook wat dwaasheid is. So 'n lewe van wysheid bring onmeetlike vreugde en innerlike rykdom (3:13-20:). Dit bring 'n gelukkige en vol lewe wat oorloop met insig. Wysheid bied terselfdertyd ook veiligheid en beskerming (3:21-26).

16. Spreuke onderstreep dat gehoorsaamheid aan, en navolging van die voorskrifte van wysheid lei tot groot Goddelike seën en lewensvreugde. Tog verval wysheid nooit in 'n outomatiese skema waar God geforseer word om wyse mense outomaties te moet seën met dinge soos voorspoed, rykdom, gesondheid en ander tydelike voordele nie. God staan nooit onder enige verpligting om by enige menslike wysheid-skemas te moet inpas nie. Hy is altyd soewerein. Hy troon in sy almag uit bokant alle wysheid. Dit blyk onder andere uit die volgende spreuke (Die Boodskap)
    - Elke mens beplan sy lewe, maar alles hang van die Here af (16:9).
    - 'n Mens maak baie planne en koester groot ideale. Maar nie alles word waar nie. Wat die Here egter beplan, dit gebeur (19:21).
    - Elke mens dink hy doen altyd die regte ding. Die Here weet egter wat in elke mens se hart aangaan (21:2)
    - Al ons wysheid, insig en planne is niks voor die Here nie. Ons kan hard werk en elke dag beplan, maar sonder die Here is alles tevergeefs (21:30-31).

WEEK 1

As jy net een wens kon kry…

DOEL VAN DIE LES

Ons wil hê jongmense moet verstaan dat om die wysheid van die Here te begeer die beste begeerte van hulle lewe sal wees.

* YSBREKER

1. As jy net een wens vir jouself kon kry, wat sou jy wens?
2. As jy die woord "wysheid" hoor, waaraan dink jy?
3. Wie is die wysste mens wat jy ken? Hoekom sê jy so?
4. Het jy al iets gedoen wat jy as 'n wyse oomblik in jou eie lewe sal beskou? Vertel gou daarvan.
5. Lui die volgende name 'n klokkie? Hoekom?
   a. Salomo
   b. Dawid
   c. Josef

* NUUSFLITS: SALOMO WEN DIE GROOTSTE "JACKPOT" IN DIE GESKIEDENIS

* LEES IN GROEP: 1 Konings 3:1-5

* SALOMO WEN DIE "JACKPOT"!

VRAAG:

Hoe sal jy voel as jy die lotto wen?
Die grootste 'jackpot' ooit! Koning Salomo het dit pas gewen. Dit het in 'n droom gebeur. God het in die nag aan hom verskyn. So vertel 1 Konings 3:1-15. Toe bied Hy aan die koning die kans van 'n leeftyd: "*Vra net wat jy wil hê, en jy sal dit kry.*" Nog nooit het die Here so iets vir enige van Sy kinders aangebied nie. Salomo is die eerste persoon met wie dit gebeur het. Praat van die 'jackpot' slaan. Presies dit is wat Salomo getref het daardie nag!

"*Kan ek wysheid en onderskeidingsvermoë kry om my volk goed te lei?*" Dit het Salomo dadelik vir die Here gevra. Hy het nie eens gewonder hieroor nie. Hy het nie lank nagedink nie. Dadelik het Salomo geweet wat daardie een groot wens van sy lewe is. Net wysheid. Dit was toe nie geld nie. Of 'n lang lewe nie. Of die dood van sy vyande en al die slegte mense nie.

Wat is God se reaksie op Salomo se antwoord?
God was baie bly oor Salomo se een wens. Toe sê Hy vir Salomo dat Hy ook al die ander dinge vir hom sal gee. Wysheid het daardie nag gewen. Al die ander dinge was bysaak. Salomo het iets geweet wat miljoene mense nie weet nie. Of wat hulle vergeet het. Of wat hulle nie glo nie. Salomo het geweet wysheid is die groot geheim van 'n gelukkige en suksesvolle lewe. God stem saam. Nou weet ons gelukkig ook hoe lyk God se eerste prys. Nou weet ons wat maak die meeste vir die Here saak: wysheid! Nou het ons geen verskoning om die hemelse 'jackpot' mis te loop nie.

Hoe dink julle sal God voel as ons vir Hom vra wat Salomo vir Hom gevra het?

*GESPREK

Waarvoor dink julle sou die meeste mense gevra het?
Almal praat daaroor… almal praat oor koning Salomo se groot 'jackpot'. Hy het God se eerste prys gewen. Ons voorbladstorie vertel vandag hoe hy in 'n droom gekies het vir wysheid. Salomo moes die grootste besluit van sy lewe neem toe God vir hom een wens gee. Sy keuse het geval op onderskeidingsvermoë om Israel reg te lei. Wat 'n vreemde keuse. Nie een van die mense met wie ons plaaslike verslaggewer in Jerusalem onderhoude gaan voer het, sou dieselfde gekies het as hulle in Salomo se skoene was nie. So klink die meeste se keuse:
"Geld."
"Geluk."
"Gesondheid."
"Veiligheid en voorspoed."

"Die koning is laf," het een ou gesê. "Ek sou vir myself 'n lekker lewe gekies het, daardie soort wat ingelei word met die woorde: 'and he lived happily ever after.'" Iemand anders het gesê: "Die lewe gaan op die ou end oor my eie geluk. Ek sou vir myself permanente geluk gekies het. Ek sou die res van die mensdom aan hulleself oorgelaat het."

Wat sou jy doen? Wat sou jou keuse wees as jy in Salomo se skoene was? Hoekom kies hy vir onderskeidingsvermoë?
Daar is net een antwoord: Salomo het God se hart geken. Hy het God regtig lief gehad. Die Here het die meeste saak gemaak in sy lewe. Dis hoekom hy niks vir homself gekies het nie; God en ander mense was wat vir hom getel het.

Wat is onderskeidingsvermoë?
Dit is om 'n fyn aanvoeling te hê vir God en vir mense. Dit verander jou in 'n wyse mens. Dit maak dat jy die lewe reg leef. Wysheid gaan nooit oor jouself nie. Dit gaan nie oor jou eie belange nie. Dit gaan oor goeie keuses en oor die regte manier van leef wat jou eie lewe en ander mense s'n voller maak met God se liefde.

Die regte vraag vir elkeen wat ook op Salomo se wysheid-pad wil leef, is nooit: "What's in it for me?" nie. Die regte vraag is: "Hoe wen God en ander mense deur my keuses, my dade en my woorde?" Om so te leef, is hoe 'n wen lyk vir God. Dit is die eerste prys. Gaan daarvoor!

* OEFENING

Skryf 'n kort brief vir iemand waarin jy vertel wat jy by Salomo geleer het. Vertel watter soort wysheid jyself nodig het en hoe jy dit in die hande gaan kry.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 2

Een woord sê dit alles!

DOEL VAN DIE LES

Ons doel is om jongmense te laat besef wysheid is om altyd eerbied vir die Here te hê.

* YSBREKER

1. Wat is jou gunsteling fliek? En wat is jou gunsteling TV reeks?

2. Watter Bybelboeke lees jy die graagste?

3. As iemand vir jou vra hoekom 'n mens die Bybel moet lees, wat sal jy antwoord?

4. Ken jy die *"You Version"* app? Dit het honderde Bybelvertalings wat jy verniet kan gebruik. As jy dit ken, verduidelik asseblief vir die ander hoe dit werk. Of nooi iemand na die klas toe wat dit gou vir julle kan verduidelik.

* NUUSFLITS: DIE GEHEIM HET UITGELEK!

* LEES IN GROEP: Spreuke 1:1-7

* EEN WOORD

"Wat is ware geluk?"
"Wat is die doel van die lewe?"
"Wat is God se plan met my lewe?"

*** Hoe sal jy groot vrae soos hierdie antwoord?**
Almal wil hê hulle lewe moet saakmaak. Almal wil hê hulle woorde en dade moet tel. Daarom vra mense sulke vrae. Gelukkig het hierdie vrae 'n goeie antwoord. Spreuke weet wat die doel van die lewe is. Dit lê opgesluit in een woord: WYSHEID! Spreuke praat van begin tot einde hieroor. Wysheid is 'n bron van lewe vir elkeen wat dit najaag. Dit bied 'n ryk en vol lewe vir elkeen wat daaraan vashou (3:17-18).

*** Wat hoor jy as jy na die volgende verse in Spreuke luister?**
* Spreuke 1:7 wat sê wysheid is om die Here te dien. By Hom begin ware kennis en ware lewe.

* Spreuke 2:2-6 wat sê dat om wysheid met alles in jou na te jaag, is om die Here Self te vind. As jy wysheid soek soos wat jy na 'n kosbare skat soek, sal jy dit vind. God gee die regte wysheid wat jou lewe met betekenis en vreugde vol maak. Maar dan moet jy dit soek met alles in jou.
* Spreuke 3:1-4 wat sê wysheid gee aan jou 'n vol en gelukkige lewe. God se wysheid versier jou lewe met goedheid en liefde. Dit maak ook dat jy God en mense se guns geniet.

DAAR IS EEN SPESIALE BOEK OP MY BOEKRAK VANJAAR

*** Vertel vir die klas iets van die doel van Spreuke**

Spreuke is hierdie jaar op ons radarskerm. Dit is nie maar net 'n versameling van mooi versies nie. Of 'n klompie oulike aanhalings wat oor mooi dinge in die lewe gaan nie. Spreuke is deel van 'n lang wysheidstradisie wat aan die koning se paleis geleer is sedert die tyd van die bekende koning Dawid en koning Salomo. Jongmense wat in die koning se diens was, of wat ander belangrike posisies in die samelewing gehad het, is hier geleer hoe om die Here se wysheid te bemeester. God kan dit nie vat dat jongmense sonder die regte insig en wysheid deur die lewe gaan nie. Daarom wil Spreuke graag ook vir jongmense leer hoe om die kuns van reg leef onder die knie te kry.

*** Wat is Spreuke se grootste les?**

Die grootste les wat jongmense moet leer, is om God te vrees. Ook moet hulle leer hoe om verstandig op te tree in elke situasie. Dit kos moed. Dit vra dat hulle in elke situasie moet dink wat die regte ding is om te doen. Wat sal die Here verheerlik? Wat sal Sy hart bly maak en ander mense se lewens beter maak?

*** Wat wil Spreuke vir jongmense wys?**

Spreuke se wysheid wil vir jongmense wys wat hulle rol en plek is voor God en tussen ander mense. Spreuke het met die alledaagse lewe te make. Al die lesse en lewenswyshede in hierdie boek het te make met praktiese lewensvaardighede wat geanker is in die Here. Elkeen wat goed daarna luister en dit hulle eie maak, sal weet hoe om in elke situasie reg op te tree en hoe om die Here reg te dien. Dit sal hulle lewe versier met blydskap en vreugde voor God.

* OEFENING

*** Doen die 'M-B-D' uitdaging!** (= Memoriseer, Bid, Dink)

a. **Memoriseer** Spreuke 1:7 en 2:6. Deel dit op sosiale media platforms met vriende en 'followers'.
b. **Bid:** Begin elke dag met 'n gebed waarin jy jou gedagtes, jou gewoontes, jou woorde en jou dade aan die Here oorgee.
c. **Dink** elke aand voor slaaptyd hoe jy gedurende die dag die Here eerste gestel het. Sê vir Hom dankie dat Hy by jou is en dat Hy jou gehelp het hiermee. Dan hoef jy nie bang te wees as jy gaan slaap nie, soos Spreuke 3:24 jou leer. Lees dit ter afsluiting.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 3

Gesoek en gevind: die slimste jongmense in Suid-Afrika!

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat die Here se wysheid die heel belangrikste is, en dat jonk en oud mekaar baie nodig het om sulke wysheid te bekom.

* YSBREKER

1. Wie dink jy is die slimste persoon wat ooit geleef het?

2. Wat van Jesus? Ja, jy weet Hy is die Seun van God, maar dink jy aan Hom as die slimste en wysste Persoon ooit op aarde?

3. Is 'n hoë IK al wat saakmaak in die lewe? Of is daar meer dinge nodig as net om slim te wees?

4. Lees **1 Konings 3:16-28**. Vertel vir mekaar wat hier gebeur. Hoe gebruik koning Salomo sy wysheid om 'n moeilike probleem op te los? Wat leer jy hieruit?

* NUUSFLITS: HELP MEKAAR OM REG SLIMMER TE WORD

* LEESWERK: Spreuke 3:1-18

* OUD EN JONK HET MEKAAR NODIG

*** Waar kry mens vandag inligting die vinnigste in die hande?**

Google kan jou help om binne sekondes inligting te kry oor enigiets . Op die internet kan jy binne sekondes op enige plek gaan kuier. Jou selfoon hou jou 'connected' met die res van die wêreld. Jou onderwyser en jou leraar weet lankal nie meer alles nie. Kennis is amper verniet. Enigeen kan dit op die internet kry. Jongmense kan dit ook makliker doen as ouer mense wat nie met die internet groot geword het nie.

*** Waarmee help Google ons nie?**

Jongmense weet nie altyd wat om met al hierdie kennis te maak nie. Hulle kort wysheid om die verskil te ken tussen goeie kennis en tydmors-kennis. Hulle kort wysheid om te weet watter dinge op die internet kom van die Here af en watter nie. Hulle moet weet watter uithangplekke op sosiale media en elders in die lewe is opbouend en watter is tydmors.

* **Hoekom het jonk en oud mekaar nodig?**

Jonger mense het vandag toegang tot meer kennis as ooit, maar hulle weet nie altyd hoe om dit reg te gebruik nie. Vandag se ouer mense het baie wysheid oor die lewe en oor die Here, maar hulle verstaan dikwels nie al die nuwe tegnologie nie. Daarom het jonk en oud mekaar nodig. Jongmense kan ouer mense help om selfone en rekenaars makliker te gebruik, en ouer mense skuld jongmense wysheid. Spreuke weet dit. Spreuke 1-9 sê gereeld vir jongmense om te leer by wyse mense wat weet hoe om die Here te dien en om reg te leef. Ouer mense moet aanmeld as leermeesters en jonger mense moet leergierig wees.

* SO LYK DIE SLIMSTE JONGMENSE IN SUID-AFRIKA

Die slimste jongmense in Suid-Afrika is nie diegene met die hoogste IK nie. In die Here se oë is dit jongmense wat wysheid uitleef.

* **Hoe lyk wyse jongmense?**
  (Lees elke teks en praat saam oor die betekenis.)

a. **Slim jongmense is leergierig.** Hulle wil graag meer van die Here weet, en hoe om reg te lewe (Spr 1:2-7). Daarom luister hulle na die wysheid van ouer persone (Spr 2:1; 3:1).
b. **Slim jongmense luister na wat hulle pa en ma vir hulle sê** (Spr 1:8-9). Hulle weet hulle ouers help hulle om reg te leef (Spr 4:1-9).
c. **Slim jongmense kies die regte vriende.** Hulle hang nie uit met mense wat sonde doen nie (Spr 1:10-16).
d. **Slim jongmense ken die Here in alles wat hulle doen.** Hulle bly weg van alles wat sleg is (Spr 3:5-8).
e. **Slim jongmense systap mense wat planne het om hulle te verlei** om verkeerde dinge met hulle liggame aan te vang (Spr 3:16-20). Seksuele sondes het geen plek in hulle lewe nie.
f. **Slim jongmense mense weet hulle geld, tyd en besittings is geskenke uit die Here se hand.** Hulle leef van jongs af vrygewig. Hulle dien die Here met hulle paar besittings (Spr 3:9-10).
g. **Slim jongmense help graag mense wat swaarkry, en hulle doen dit reeds vandag.** Daar's nie nog tyd om te wag tot môre nie (Spr 3:28).
h. **Slim jongmense mense steek nooit hulle vriende in die rug nie** (Spr 3:29).
i. **Slim jongmense pas hulle harte goed op.** Hulle sorg dat dit aan die Here behoort (Spr 4:23).
j. **Slim jongmense vermy leuens.** Hulle versprei nooit vals stories oor ander nie (Spr 4:24).

* '48 UUR-CHALLENGE': RAAK SO SLIMMER IN DIE HERE

Sluit af met 'n 'challenge'. Daag die klas uit om boek te hou van enige 48 uur in hulle lewe gedurende die volgende week. Onderneem om dit self ook te doen. Kyk hoeveel van die sake wat in Spreuke 1-4 uitgelig is oor wat die Here se slim jongmense doen, ook in jou eie lewe aanwesig is. Skryf dit neer en gee aan die Here al die eer!

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 4

Wysheid is super-skaars

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat wysheid baie skaars is. Hulle gaan dit nie maklik raaksien rondom hulle nie. Hulle moet egter self die verskilmakers wees in wie se lewens die Here se kosbare wysheid te sien is.

* YSBREKER

1. Wat het gebeur met verlede week se '48-uur challenge' in jou lewe? Vertel gou.
2. Hoekom dink jy is daar so baie superheld-flieks?
3. Wie is jou gunsteling superheld? Hoekom?
4. Het jy al ooit 'n preek gehoor uit Spreuke?
5. Hoekom dink jy praat mense in die kerk so min oor Spreuke, en oor wysheid?

* **NUUSFLITS:** JOU KANS IS EEN UIT 'N DUISEND!

* EEN UIT 'N DUISEND - DIS AL

* Wysheid is skaars. Wat is die skokkende nuus hieroor waarvan **Prediker 7:28** vertel? Lees dit:

"Wat ek nog altyd soek, het ek nie gevind nie. Ek het wel uit duisend mense een betroubare man gevind, maar so 'n vrou het ek onder hulle nie gevind nie."

*** Wat is jou eerste reaksie as jy Prediker 7:28 hoor?**

Ons het vroeër vir 'n groep mense gaan vra hoe hulle oor Prediker 7:28 voel. Een ou het dadelik gesê: *"Ware woorde, hierdie!"* Sy vrou se reaksie was: *"Skat, jy tel van nou af onder daardie oorblywende 999 mans by wie die Prediker ook nie wysheid kon vind nie."*

Iemand anders het 'n vars perspektief op Prediker 7:28 gehad: *"As die Prediker net een wyse onder duisend mense kon vind, dan is die kans mos 50/50 dat dit 'n man of 'n vrou sou wees."*

Die beste oplossing vir Prediker 7:28 is deur 'n wyse vrou aangebied: *"Ons het by die Bybelskool geleer vroue se plek in die Bybelse tyd was in die huis. Daarom was daar geen vrouens in die publiek uit wie die Prediker kon kies nie. Daar was net mans. Tussen hulle kon hy toe net een uit 'n duisend kry!"*

* **Wat wil Prediker 7:28 vir ons leer?**

Die punt is dat Goddelike wysheid nooit volop is nie. Dit is nie aldag op straat te sien nie. Of op sosiale media nie. Of in die kerk nie. Wysheid is nie vryelik beskikbaar nie. Dwaasheid wen loshande. God se wysheid word orals ingeruil vir menslike slimmighede (7:29). God se ingrepe is 'n voorvereiste. Eers wanneer Sy Gees in jou begin werk, neem die regte wysheid in jou hart vorm aan. Dan is jy iemand wat betroubaar is in God se oë en tussen ander mense.

* WIL JY GRAAG EEN UIT 'N DUISEND WEES?

* **Hoe vang jy die Here se oog? Hoe word jy een uit 'n duisend voor Hom?**

Daar is net een manier hoe jy die Here se wysheid kan baasraak: Jy moet jouself bekeer. Natuurlik moet jy jou eerste tot die Here bekeer. Maar as jy nie Sy wysheid soek met alles in jou lewe nie, sal dit nooit in jou hart en in jou gedagtes begin groei nie. Jy kort 'n tweede bekering in jou lewe, 'n bekering tot Sy wysheid. Om dit reg te kry, moet jy geestelike wysheid jou eie maak.

* **Hoe oefen jy wysheid in?**

Lees Spreuke 2:2-5. Dit roep jou op om jou ore oop te maak vir wysheid. Jy moet wysheid gedurig van die Here afsmeek. Jy moet dit soek soos 'n verborge skat. Jy moet dit soek soos wat jy na silwer en goud soek. Dan sal jy weet hoe om die Here reg te dien. Dan sal jy ontdek wat dit beteken om God te ken! Die Here se wysheid word prakties ingeoefen as jy die Here voorop stel in jou gedagtes, jou lewe, jou skooltoe gaan, jou vrye tyd, jou sport, jou kerk. Jy doen dit doelbewus. Jy kies aanhoudend om aan die Here te dink. Jy kies ook om te dink oor hoe om reg op te tree in elke situasie by die skool, tussen jou vriende, en waar jy ook al is.

* **Wat gebeur in jou lewe as jy wysheid met alles in jou begin soek?**

Lees Spreuke 2:9-22. Dit leer dat as jy elke dag vir wysheid kies, jy dan insig sal kry. Jy sal al hoe meer weet wat reg en wat verkeerd is. Jy sal ervaar hoe die Here jou beskerm. Jy sal op die Here se pad leef. Jy sal weet wat om te sê, en wat nie. Jy sal sonde vermy en 'n lewe leef wat die hemele laat hande klap van blydskap. Jy sal die teenwoordigheid van die Allerhoogste geniet.

ONTHOU: Net een uit 'n duisend mense vind wysheid. Is jy daardie een?

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 5

Wysheid is nie jou tannie nie, maar…

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat die Here se wysheid ewig is. Dit is deel van wie God is. Wysheid is nie maar net 'n klompie mooi spreuke of sedelesse nie.

* YSBREKER

1. Het jy die afgelope week wysheid in aksie gesien? Het een van jou vriende of familie iets met wysheid gedoen wat jou aandag getrek het?

2. Kan ek jou op die 'spot' sit - wat het jyself die afgelope week gedoen wat die toets van wysheid geslaag het en wat die Here se hart regtig bly gemaak het?

3. Iets heeltemal anders - die Bybel leer vir ons dat Jesus ewige lewe gee. As jy vir iemand moet vertel wat dit beteken, hoe sal jy dit doen? Wanneer begin ewige lewe - eers as jy doodgaan, of hier en nou al? Lees **Johannes 5:18-29** saam. Wat leer jy alles hier oor ewige lewe?

4. Nog 'n vraag - wat is 'n waarborg? As jy byvoorbeeld hoor daar is 'n een-jaar-waarborg op jou selfoon, of op die TV-skerm daar by die huis, wat beteken dit?

5. Wat is die langste waarborg waarvan jy al gehoor het wat op meeste produkte geplaas word? Hoekom word meeste produkte nie lewenslank gewaarborg nie?

* NUUSFLITS: WYSHEID IS TOE AL DIE TYD 'N VROU!

* LEES IN GROEP: SPREUKE 8:22-36

* ONTMOET ME. WYSHEID

* **Het jy geweet wysheid is toe nie 'n man nie, maar 'n vrou! Het jy geweet wysheid word in Spreuke 8-9 as 'n vrou voorgestel?**

Wysheid bestaan van ewig af, van lank voor die skepping (8:22-31). Wysheid is deur God geskep nog voordat die aarde of enigiets anders bestaan het (8:22). Toe die Here die wêreld met groot sorg en liefde gemaak het, was Wysheid reeds daar. Wysheid se grootste vreugde toe was om al die mooi dinge te beleef wat die Here gemaak het, en veral die mense wat Hy geskep het (8:31).

*** Is Wysheid 'n aparte godheid?**

Wysheid is nie 'n aparte godheid nie; dit is deel van God se wese. Wysheid is wie God is. Spreuke leer dat wysheid van voor die skepping af bestaan. Wysheid is nie 'n klompie spreuke wat mense op Facebook of Instagram plaas nie. Of iets wat sommiges nou en dan uitleef nie. Wysheid is deel van die hart van God. Dit is ewig. Maar wysheid moet grond raak in die regte lewe.

* VOORDELE VAN WYSHEID

*** Watter voordele bied wysheid?**

Wysheid is nie net mooi praatjies nie. Vrou Wysheid wil hê dat haar wysheid in die regte lewe uitgeleef moet word. Hoor watter voordele bied sy ons aan in **Spreuke 8** (lees elke vers):

* Wysheid is kosbaarder as die duurste edelstene. Dit is meer waardevol as alle aardse skatte (8:11).
* Wysheid is verstand, insig en ware kennis (8:12). Om Wysheid te ken, is om die regte geestelike IK te hê. Dit is om op God se Top Tien te wees.
* Wysheid is nederig (8:13). Dit keer dat jy vol van jouself is.
* Wysheid is om goeie raad te ken en om 'n suksesvolle lewe te leef (8:14).
* Wysheid is om eer te geniet by God en mense (8:18).
* Wysheid is om reg te doen en reg te leef. Daar waar wysheid is, word mense reg behandel. Daar word die pad van die Here opreg bewandel (8:20).
* Wysheid is ware rykdom. In Wysheid se eie woorde: "Ek maak dié wat My liefhet ryk, ek maak hulle skure vol" (8:21).

* OEFENING

*** Deel die volgende oefening met die jongmense:**

Daar is net een manier hoe jy wysheid kan kry. Jy moet dit soek met alles in jou. Wysheid belowe in **Spreuke 8:17:** *"Wie My soek, vind my."*

Jy moet kies vir die regte woorde, die regte lewe en vir die regte insig. Met alles in jou moet jy God se wysheid soek. Dit is belangriker as al jou sport-prestasies. Oor 'n paar jaar gaan niemand meer hiervan onthou nie, maar die Here gaan onthou as jy vandag vir wysheid kies. Die skool se Top Tien is ook nie alles nie, want volgende jaar is daar weer nuwe jongmense wat die pryse gaan wen. Soek elke dag ewige wysheid. Dit maak jou vir altyd skatryk by God. Dit waarborg vir jou 'n mooi lewe in God se nabyheid. In Wysheid se eie woorde: *"Ek het diegene lief wat my liefhet" (8:17)… Wat ek vir jou gee, is beter as die fynste goud, wat ek na jou toe bring, is beter as die fynste silwer"* (8:19).

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 6

Pasop vir daardie slegte tannie in die buurt

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat dwaasheid lewensgevaarlik is. Dit vernietig alles wat mooi en reg en ewig is. Dit is die aartsvyand van God se wysheid.

* YSBREKER

1. Watter 'apps' het jy op jou selfoon? Van watter een hou jy die meeste?

2. Wat is jou gunsteling rekenaarspeletjie? Hoekom?

3. Het jy al gehoor van 'VGA'? Dit staan vir "video game addiction". Dit gebeur wanneer mense te veel en onbeheersd rekenaarspeletjies speel, soveel so dat hulle amper nie meer 'n normale lewe het nie. Hoekom dink jy is dit gevaarlik om verslaaf te raak aan die internet, of aan video speletjies?

4. 'n Studie in 2018 sê die gemiddelde Amerikaner se aanlyn-tyd het toegeneem van 9,4 ure per week in 2018 na 23,6 ure per week. 84% van mense gebruik hulle slimfone hiervoor. 67% van mense 'stream' musiek op hulle fone. Hoeveel tyd spandeer jy op sosiale media?

* NUUSFLITS: SY IS DEFINITIEF NIE JOU TANNIE NIE

* LEES IN GROEP: Spreuke 9:13-18

* HOOFNUUS: OPPAS! ME. DWAASHEID IS IN DIE DORP

* **Het jy geweet dwaasheid word ook as 'n vrou in Spreuke voorgestel? Hoe is sy anders as Me. Wysheid?**

Dit is nie net wysheid wat in **Spreuke 8-9** as 'n vrou voorgestel word nie. Dwaasheid word ook so uitgebeeld in **Spreuke 8**. Me. Dwaasheid bestaan egter nie van voor die skepping af nie. Sy is tydelik. Sy is hier en nou se moeilikheid. **Spreuke 9** sê me. Dwaasheid se woonplek is in die regte lewe. Sy bly sommer hier reg tussen ons almal. Sy hang by die skool uit. Sy het ingetrek in die buurt. Me. Dwaasheid loop rond in die dorp. Sy het vir haar 'n huis gebou in die middel van die stad.

*** Waar hang Dwaasheid graag uit?**

Spreuke 9:13-18 vertel dat Me. Dwaasheid graag 'n stoel neersit by haar voordeur op die hoogste plek in die stad. Dan nooi sy almal uit wat daar verbystap om by haar 'n draai te kom maak. Die meeste mense dink sy deel geluk en ware kennis uit, maar sy verkoop die dood self. Mense wat by Dwaasheid inval, weet nie wat hulle doen nie. Hulle verwar haar met geluk. Hulle dink 'n vinnige slukkie gesteelde water is soet. Niemand sal tog hiervan weet nie. Maar God weet. En Dwaasheid lag al te lekker as sy iemand gevang het. Haar lokval het gewerk. "Another one bites the dust!" Ligloop vir haar! Oppas! Dwaasheid hang hierdie week in jou omgewing uit! Moenie vir haar truuks en versoekings val nie.

* DAAR IS NET TWEE SOORTE MENSE OP AARDE

*** Is gelowiges en sondaars dieselfde as wyses en dwase?**

Spreuke weet van sonde en sondaars, maar verkies om van dwaasheid en dwase te praat. Dit is makliker om, soos die res van die Bybel, van geloof en ongeloof te praat. Want dit is nie te moeilik om sondaars uit te ken nie. Sondaars is "hulle" wat nie soos "ons" kerk toe kom en leef vir die Here nie. Sondaars is "hulle" wat nie in Jesus glo nie. Maar Spreuke verkies om van wyses en dwase te praat. Nou is "ons" en "hulle" nie meer so maklik onderskeibaar nie. Want "ons" kan baie maklik soos "hulle" leef wanneer dit oor wysheid en dwaasheid gaan. Maak dus seker jy weet aan watter kant van die draad jyself leef. Sorg dat jy reg glo en reg leef - met wysheid.

* WEET WAT IS DWAASHEID. WEET WIE IS DWASE

*** Wat is dwaasheid?**

Dwaasheid is om stroom-op teen God se Woord en teen Sy wysheid in te leef. Dit is om ongehoorsaam aan Hom te wees. Dwaasheid is om niks te voel vir die Here en vir ander mense nie. Dwaasheid is 'n leefwyse. **Spreuke 12:15** praat hiervan as 'n lewenspad. Die uiteinde hiervan is die dood.

*** Watter soort dwase ken Spreuke?**

Die Bybel is oorspronklik in Hebreeus geskryf. In Spreuke is daar verskillende Hebreeuse woorde vir dwase. Die gewildste een is die woord *`evīl*. Dit verwys na klipkoppe. Sulke dwase is totaal en al onleerbaar. Hulle luister nooit na enige rede of raad nie. Hulle haat wysheid (16:22; 29:9). Rusiemaak en baklei is hulle kos (20:3; 27:3).

Ook weet Spreuke van selfgesentreerde, opgeblase dwase. Sulke tipe dwase word 'n *kesīl* in Hebreeus genoem. Genot is al wat vir hulle saakmaak (10:23), saam met 'n onbeheerbare tong wat hulle heeltyd in die moeilikheid bring (18:6-7). Hulle is lief vir skinderpraatjies (10:18), leuens (15:14) en nonsens (15:7). Sulke dwase se lewe is buite beheer (26:11). Hulle is roekeloos (14:16) en gevaarlik om mee uit te hang, want spoggery (14:33) en ligsinnigheid (13:16) is hulle kos. Net hulle maak vir hulleself saak.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 7

Twee verskillende spanne kompeteer vir dieselfde speelveld

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat jy nie in twee kampe kan leef nie. Jy kan nie wysheid en dwaasheid in een hart ronddra nie. Jy moet kies, wysheid is 'n daaglikse keuse.

* YSBREKER

1. Die bekende tennisster Maria Sharapova is een keer gevra of sy weet wie Sachin Tendulkar is. Sy het nie 'n idee gehad nie. In Indië is hy egter super-bekend as een van hulle grootste kriekethelde ooit. Weet jy van nog sulke voorbeelde waar bekendes nie geweet het wie ander bekendes is nie?

2. Wat is jou gunsteling sportsoort?

3. Het jy 'n buitemuurse aktiwiteit?

4. Sekere sportsoorte is baie gewild in een land, maar onbekend in ander lande. Kan jy aan 'n paar voorbeelde dink?

5. Dink jy sportprestasies is belangriker as prestasies op kulturele of akademiese gebied by die meeste skole? Wat sou die redes hiervoor wees?

* NUUSFLITS: WYSHEID EN DWAASHEID IS OP DIESELFDE SPEELVELD

* LEES IN GROEP: SPREUKE 9:1-18

* JY KAN NET IN EEN SPAN SPEEL

*** Wysheid en Dwaasheid is elke dag in jou gesig. Hoekom?**

Wysheid en Dwaasheid is betrokke op presies dieselfde terrein, want Spreuke ken net een terrein, naamlik die regte lewe. Me. Wysheid bly nie doer eenkant op die kerk se terrein terwyl die res van die wêreld Me. Dwaasheid se speelpark is nie. Spreuke 9 maak geen onderskeid tussen godsdienstige ruimtes en ander ruimtes nie. Daar is vir Spreuke net een ruimte waar ons almal elke dag leef. In die gewone lewe van elke dag is wysheid en dwaasheid aktief. Beide word as vroue voorgestel in Spreuke 8-9.

*** Daar is 'n reuse verskil tussen Wysheid en Dwaasheid. Weet jy wat dit is?**

Wysheid is ewig. Wysheid kom van God af. Haar huis is stewig. Dit staan op sewe ewige klippilare.

Dwaasheid is tydelik. Sy weet nie wat sy sê nie en sy het geen insig nie. Dwaasheid is sondig, aards, boos, vernietigend.

* **Dit lyk of Wysheid en Dwaasheid beide dieselfde strategie volg, maar daar is 'n reuse verskil wat die inhoud en uitkoms van hulle feeste betref. Wat is dit?**

Beide Wysheid en Dwaasheid is hier en nou besig om 'n feesmaal voor te berei. Beide se eetplek is in die normale lewe, daar waar mense elke dag leef, werk en skool toe gaan. Beide nooi onkundiges vir 'n ete. Wysheid en Dwaasheid se uitnodigings en hulle feeskos verskil radikaal van mekaar. Hulle feeste het uiteenlopende gevolge. Wysheid se fees lei tot 'n oorvloedige lewe, insig en seën vir elkeen wat by haar tafel kom aansit. Dwaasheid beloof ook lewe, maar haar ete bied vernietiging en die doderyk as 'beloning' aan vir elkeen wat by haar kom eet. Die eintlike stryd tussen Wysheid en Dwaasheid is nie maar net tussen wysheid en dwaasheid as keuses tot 'n beter of 'n slegter lewe nie. In Spreuke gaan dit ten diepste oor lewe en dood voor God. Mense se tydelike en ewige geluk is op die spel.

* VIR DIE LEERGIERIGES: SO LYK SPREUKE

* **Mens is nooit te jonk om goeie Bybelkennis op te doen nie. Kom ons leer vandag Spreuke 'n stukkie beter ken.**

Het jy geweet:
Spreuke bestaan uit verskillende versamelings van wysheidslesse wat oor 'n lang tyd ontstaan het. Gedeeltes soos 10:1-22:16 en 25:1-29:27 word met koning Salomo geassosieer. Ander dele se skrywers is egter onbekend, soos Spreuke 1-9.

1. **SPREUKE 1-9** wys vir ons hoe lyk wysheid en dwaasheid in aksie. Dit bevat tien gesprekke wat ingelei word met die woorde "my seun" (1: 8-19; 2:1-22; 3:1-12; 3:21-35; 4:1-9; 4:10-19; 4:20-27; 5:1-23; 6:20-35; 7:1-27).
   * *Lees **Spreuke 4:20-27** saam.*

2. **SPREUKE 10:1-22:16** bevat lewenslesse uit God se hart in losstaande, kort uitsprake. Meestal word dit uitgedruk in die vorm van twee reëls of stellings wat teenoor mekaar staan. Dit stel verskillende aspekte van wysheid en dwaasheid lynreg teenoor mekaar. Hier kom ook korter spreuke voor wat ons lesse leer oor verskillende dinge wat in die lewe gebeur (10:1-21).
   * *Laat die klas **Spreuke 10:1-10** lees.*

3. **SPREUKE 22:17-24:34** Hierdie algemene wysheidsuitsprake gebruik graag voorbeelde uit die natuur en die regswese.
   * *Laat die klas **Spreuke 23:26-35** lees.*

4. **SPREUKE 25-29** word in verband gebring met koning Hiskia wie se wyse manne koning Salomo se wyshede neergeskryf het.
   * *Laat die klas **Spreuke 25:1-10** lees.*

5. **SPREUKE 30-31** 'n Laaste versameling van wysheid kom hier voor onder die naam van Agur. Hy besing ook die eienskappe van 'n wyse vrou (31:10-31).
   * *Laat die klas Spreuke 30:24-31 saam lees.*

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 8

Wysheid vra jou hart

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat ons hart die Here s'n is. Geloof en wysheid verander ons heel eerste van binne af. Dit gebeur nooit andersom nie.

* YSBREKER

1. Onthou jy nog wie die eerste hartoorplanting gedoen het?

2. Mens hoor gereeld spreekwoorde oor die hart, soos: "ek het my hart verloor…", of "my hart is gebreek." Kan jy aan nog 'n paar dink? Wat sê mense eintlik hiermee?

3. Jy hoor dikwels in die kerk dat jy jou hart vir die Here moet gee. Wat beteken dit prakties?

4. Lees die volgende tekste saam. Praat saam oor wat elkeen beteken:
   Deuteronomium 6:4-5
   Psalm 9:2
   Psalm 51:10
   Jeremia 17:9
   Matthéüs 6:19-21
   Filippense 4:4-7

* NUUSFLITS: ONS HART IS ONS LEWE

* VAT JOU HART VAS

* **Hoekom is die hart so belangrik in die Bybel?**
  *Lees **Romeine 7:19-25**.*

Regdeur die Bybel verteenwoordig ons hart wie ons is. Dit is die setel van ons diepste menswees. Dit is die oorsprong van ons ganse lewe. Ons hart bepaal die koers van ons lewe. Dit bepaal of ons vir God leef, of vir onsself. Die Bybel weet dat ons hart nie altyd betroubaar is nie. Paulus skryf in **Romeine 7** die goeie dinge wat ons wil doen, dit doen ons nie altyd nie. Ons bedink goeie dinge, maar dan doen ons dit nie. Ander kere maak ons weer of ons aan goeie dinge dink, maar dan is ons hart eintlik propvol slegte gedagtes en goor begeertes. Ons hart hou ons dikwels gevange om

nie te doen wat die Here wil hê nie. Ons hart is gevaarlik omdat dit selfsugtig is. Dit is dikwels dwaas. Dit is hoogmoedig.

* **Wat is die oplossing vir ons onbetroubare harte?**

Paulus skryf in Romeine 7 dat ons almal vasgevang is in 'n tweestryd. Ons wil nie aan slegte dinge dink of verkeerde dinge doen nie, maar ons dink dit en doen dit nogtans. Die enigste oplossing vir ons onbetroubare hart is Christus. Ons moet ons toevlug elke slag tot Hom neem. Ons moet ons eie harte omruil vir Syne. Ons moet ons skuld en sondes voor Hom bely. Ons moet dit aan Sy voete neersit en dit net daar los. Ons moet die Here se vergifnis ontvang en nuut gaan leef. Ons moet Hom vertrou om aan ons 'n rein hart te gee, een wat vol is van Sy liefde en wysheid.

* **Lees Spreuke 4:20-27. Hoe pas ons ons hart reg op?**

Die opdrag hier in Spreuke 4 is duidelik. Ons moet ons hart baie goed oppas. As ons nie ons hart oppas en na die Here luister nie, gaan ons ook nie ons gedagtes en ons lyf oppas nie. Ons moet weet sonde en verkeerde dinge loop altyd heel eerste deur ons hart. Daarom moet ons ons sondige gedagtes binne in ons gevange neem. Ons moet weier om aan dinge te dink wat teen die Here se wil is. Ons moet ons hele lewe op die Here se pad leef deur doelbewus te kies om dinge te bedink wat Sy hart bly maak. Ons moet van binne af buitentoe verander, nooit andersom nie. Geloof en wysheid begin met harte wat elke dag gefokus is op die Here en op Sy eer.

* **Wat kan ons prakties doen om ons harte suiwer te hou voor die Here? Lees die volgende tekste en bespreek dit saam.**

Psalm 37:4 sê ons moet ons vreugde in die Here vind, dan sal Hy vir ons gee wat reg en nodig is in ons lewe.
Spreuke 3:5 sê ons verplaas ons vertroue van onsself af na die Here toe Ons maak nie staat op ons eie kennis en insigte nie, maar op Syne.
Spreuke 10:8 sê iemand met 'n wyse hart aanvaar graag bevele en opdragte.
Jeremia 29:13 sê ons moet die Here soek met ons hele hart, dan sal Hy al ons lewenspaaie gelyk en reguit maak.

Wyse harte is harte wat ons lewe se koers verander. Dit maak dat ons lewe uitsluitlik op God gerig is. Ons kyk op na Hom. Ons het Hom van harte lief en luister na Sy Woord. Ons soek Sy wysheid in alles wat ons doen. Wyse harte maak dat ons nie net op ons eie behoeftes fokus nie. Ons is nederig. Ons is sagmoedig. Ons sien ander mense raak.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 9

Wysheid raak jou lyf

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat ons liggaam die Here s'n is. Ons kan nie met ons lyf maak wat ons wil nie.

* YSBREKER

1. Het jy al gehoor van iets soos 'n 'bucket list'? Dit is daardie dinge wat jy moet doen en daardie plekke wat jy moet besoek voordat jy eendag doodgaan. Hiervan gepraat, is daar iets belangrik wat jyself wil doen met jou lewe?

2. Watter plekke in die wêreld sou jy graag wou besoek as jy kon? Hoekom?

3. Watter mense sou jy graag wou ontmoet as jy 'n keuse het?

4. Het jy al iemand gehelp om hulle droom waar te maak? Of ken jy iemand wat so iets vir iemand naby aan jou gedoen het?

* NUUSFLITS: JOU LYF IS NIE JOUNE NIE

* LEES IN GROEP: Spreuke 6:20-28

* JY KAN NIE MET JOU LIGAAM MAAK WAT JY WIL NIE

* **Lees 1 Korinthiërs 6:18-20. Die Bybel leer dat ons liggaam ook vir die Here saakmaak. Hoekom?**

Wysheid raak ons hart. Wysheid geskied ook nadenkend, gevoelsmatig en wil-aangedrewe. Tog gaan wysheid nie net oor ons hart nie; dit gaan ook oor ons liggaam. God stel nie net in ons siel belang soos wat partykeer in die kerk gesê word nie, Hy wil ook ons liggaam vir Homself hê. Ons is heel-mense. Ons is mense met 'n binnekant en 'n buitekant. Ons is siel en liggaam. Daarom word ons in die Bybel opgeroep om die Here met alles in ons lief te hê. Ons word opgeroep om Hom na liggaam en na siel te dien. Dit beteken ons moet ons liggame bewustelik aan die Here oorgee. Een van die mooiste tekste hieroor in die hele Bybel is **1 Korinthiërs 6:18-20**. Hier skryf Paulus dat Christus ons liggaam gekoop het vir Homself. Ons behoort nie meer aan onsself as Jesus ons Here en Verlosser is nie. Ons is Syne van kop tot tone.

* **Hoe het ons liggame die Here se eiendom geword?**

Paulus skryf in 1 Korinthiërs 6:18-20 dat die Here Jesus ons vir Homself gekoop het. Deur Jesus se offer aan die kruis het Hy die volle koopsom betaal om ons Syne te maak. Ons is nou onder nuwe bestuur.

* *Maak plakkertjies of bordjies met die woorde daarop:*

ONDER NUWE BESTUUR

Gee een vir elke jongmens en laat hulle saamgesels oor wat dit prakties beteken.

* *Die Here het 'n tweede bordjie langs ons elkeen se lewe geplaas. Maak 'n plakker of bordjie met die volgende woorde daarop:*

ONDER PERMANENTE KONSTRUKSIE VAN DIE HEILIGE GEES

Verduidelik vir die jongmense dat God elke dag met ons besig is. Sy Gees verander ons van heerlikheid tot heerlikheid soos Paulus in **2 Korinthiërs 3:18** skryf. Hy maak ons elke dag van binne af nuut soos **2 Korinthiërs 4:16** leer. Laat die klas saam gesels oor wat dit prakties beteken dat albei hierdie bordjies langs ons lewens aangebring is.

* MOENIE JOU LYF MORS NIE

* **Lees Spreuke 5:3-10.**
  Spreuke 1-9 vertel 'n hele paar keer van daardie gevaarlike vrou wat 'n jongmens se lewe wil verwoes deur hom te verlei. Wat is die basiese les wat ons moet leer?

Vertel op 'n sensitiewe manier vir die jongmense dat ons mooi moet dink wat ons met ons liggame doen. Dit is die Here se eiendom. Ook op seksuele gebied is ons lyf nie ons s'n om daarmee te doen wat ons wil nie. Seksualiteit is 'n geskenk van die Here, maar dit is gevaarlik. Ons moet versigtig hiermee omgaan.

* **Wat leer die Here oor ander mense se liggame?**

Ander mense se liggame behoort ook aan die Here. Dit is nie hulle s'n nie; dit is ook nie ons s'n nie. Ons respekteer hulle, soos wat ons onsself ook respekteer. Ons loer nie skelm na hulle liggame nie. Ons kyk ook nie lelike dinge op die internet waar ander mense hulle lywe misbruik nie. Dit pas nie by 'n Christen nie. Ons liggame is nooit op skou nie. Daarom bly ons weg van sulke webblaaie af. Ons praat ook nie vuil praatjies nie.

* **Hoe bly mens op die regte koers in 'n wêreld propvol versoekings?**

Lees **Spreuke 5:21-23**. Ons as kinders van die Here weet dat elke tree wat ons gee aan Hom bekend is. Hy ken elke tree wat ons gee. Goddeloses steur hulle egter nie aan die Here nie. Daarom haal hulle sondes hulle in. Omdat hulle nie hulle drange beheer nie, vernietig dit hulle lewens. Wyse jongmense sien dit raak en maak nie dieselfde dwase foute nie.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 10

Gebruik jou kop

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat ons geloof ook ons kop raak. Ons gee nie net ons hart vir die Here nie; ons gee ook ons kop vir Hom sodat ons reg kan dink.

* YSBREKER

1. Was jy al ooit op 'n hindernisbaan? Hoe was dit vir jou - moeilik of maklik?
2. Het jy al vir 'n dag of langer in die veld gaan stap, of uitgeslaap in die natuur?
3. Gaan kamp jou familie graag? Hoekom, of hoekom nie?
4. Wat is jou gunsteling vakansieplek?
5. Ken jy mense wat nog nooit vakansie gehou het nie? Dink jy die klas kan betrokke raak om iemand te help om dalk 'n vakansie te gaan hou? Wat en hoe?

* NUUSFLITS: MOENIE DAT JOU GELOOF IN DIE BREINDOOD-SONE BELAND NIE

* WYSHEID IS OM JOU KOP REG TE GEBRUIK

* **Lees Romeine 12:1-2. Hoekom gee mense net graag hulle harte vir die Here, maar nooit hulle koppe nie?**

Mense dink geloof gaan eintlik net oor hulle harte. Hulle moet dit vir die Here gee, maar hulle kan hulle koppe vir hulleself hou. Dit is 'n fout. Geloof gaan nie net oor ons hart nie; dit gaan ook oor ons kop. Die Here wil ons denke vir Homself hê. Te veel Christene is net tot by hulle nek bekeer. Dit is nie hoog genoeg nie. Paulus leer in Romeine 12 dat die Here ons denke voortdurend wil nuut maak. Ons moet 'n vars kop hê waarmee ons reg kan dink. Ons moet daardie gedagtes in ons kop laat wen wat God sal verheerlik. Dan sal ons Sy wil reg ken, soos wat Hy beloof.

* **Lees Efesiërs 4:17-24. Hoekom is dit gevaarlik om 'n 'ongeoefende' kop te hê? Watter risiko's loop ons as ons nie toelaat dat ons denke deur die Here Self vernuwe word nie?**

Paulus waarsku ons dat ons denke maklik soos dié van nie-gelowiges kan word. Dieselfde sondes en nuttelose dinge kan nes maak in ons gedagtes. Dit maak dat ons verstand later ewe donker raak as die sondige wêreld s'n. Ongelowiges se koppe is soos pap batterye. Daar is geen lig in hulle harte en koppe aan nie; daarom dink hulle gedurig aan gemors en aan negatiewe dinge wat hulle lewe net nog dieper in die donker insleep. Die oplossing is om toe te laat dat God ons gedagtes en ons harte elke dag aanraak. Ons moet nuut leef en nuut dink, want ons is nuwe mense in Christus. Ons lewe reg deur reg te dink. Ons weier om dieselfde goor praatjies as almal rondom ons te praat, én ons weier om ons koppe vol te maak met al die gemors waarmee ander s'n vol is.

* **Lees 2 Korinthiërs 10:4-5. Hoe kry ons ons gedagtes onder beheer?**

Paulus leer ons om verkeerde gedagtes gevange te neem. Ons moet weier dat sondige gedagtes en vernietigende emosies by ons kop se hekke deurglip. Ons moet nee sê hiervoor. Elke keer. Ons moet dit in die Here se Naam arresteer voordat dit 'n vastrapplek kry in ons gedagtes. Ongesonde gedagtes verander baie vinnig in ongesonde gewoontes en in 'n vernietigende lewensstyl.

* KRY INSIG OP DIE SPREUKE MANIER

* **Laat elkeen gou die volgende vrae op hulle eie antwoord op 'n stukkie papier. Hulle hoef nie die antwoorde met mekaar te deel nie. Gee hulle 'n paar minute tyd om hieroor na te dink.**

1. **Ander mense se menings maak vir my saak.**
   a. altyd
   b. meeste van die tyd
   c. partykeer
   d. nooit

2. **Ek doen graag goeie dinge vir ander mense.**
   a. altyd
   b. meeste van die tyd
   c. partykeer
   d. nooit

3. **Ek deel my sakgeld en besittings met mense wat swaarkry.**
   a. altyd
   b. meeste van die tyd
   c. partykeer
   d. nooit

4. **Ek dink na oor my geloof.**
   a. altyd
   b. meeste van die tyd
   c. partykeer
   d. nooit

* **Lees Spreuke 4:5-12 saam. Wat leer ons hier oor wysheid en insig?**

In Spreuke 4 word beklemtoon dat wysheid en insig hand aan hand loop. Insig kom nie vanself nie. Ons moet dit soek en najaag. Ons moet kies om op 'n nuwe manier na die lewe te kyk Ons moet dit doen vanuit God se perspektief. Om aanhoudend na te dink oor die Here se wysheid sal tot gevolg hê dat dit diep in ons lewe geanker word deur die Heilige Gees. Ons lewe sal dan al hoe meer gerig word op God se pad. Dan sal ons nie net agter ons eie behoeftes aanhardloop nie.

Om die regte insig te hê, sal maak dat ander mense na ons opkyk. Ons opinies sal vir hulle saakmaak. Ons woorde sal gewig dra in hulle lewe. Mense sal graag wil hoor wat ons sê. Ons sal onthou word en ons voorbeeld sal nagevolg word, terwyl ander s'n gou-gou vergete raak.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.

WEEK 11

Wysheid word uitgeleef, dwaasheid ook

DOEL VAN DIE LES

Ons wil vir jongmense leer dat wysheid en dwaasheid sigbaar word in die manier wat ons elke dag leef. Wysheid is om nederig en opreg te wees, asook om God se wil te doen en gehoorsaam te wees aan Sy woord.

* YSBREKER

Lees die volgende verhaal saam:
Maximillian Kolbe sterf op 14 Augustus 1941 in Auschwitz. As priester is hy soontoe gestuur tydens die Tweede Wêreldoorlog omdat hy sowat 2000 Jode in 'n Poolse klooster versteek het. In Auschwitz word Kolbe wreed mishandel omdat hy as Christen Jode se lewens gered het. Toe dit op 4 Augustus lyk asof 'n gevangene uit hierdie doodskamp ontsnap het, word tien gevangenes uitgekies deur Nazi offisiere om uitgehonger te word en te sterf. Franciszek Gajowniczek is een van hulle. Hy smeek om genade aangesien hy 'n vrou en kinders het. Toe Maximillian Kolbe sy pleitrede hoor, vra hy dadelik vir die Duitse offisier of hy en Gajowniczek plekke kan ruil. Dit word toegestaan. Tien dae later sterf Kolbe wanneer 'n kampdokter suur in sy arm inspuit. Tydens die laaste tien dae voor sy dood vertel hy vir die ander nege Joodse gevangenes van Jesus, die groot Plekruiler. Hy hou ook saam met hulle 'n eenvoudige nagmaal voordat hulle sterf. Gajowniczek bly egter leef tot op 13 Maart 1995.

1. Hoe voel jy nadat jy hierdie verhaal gehoor het?

2. Hoekom dink jy het Maximillian Kolbe plekke geruil met iemand daar in die doodskamp van Auschwitz wat hy nie eens persoonlik geken het nie?

3. Wat leer jy oor Maximillian Kolbe se optrede uit **Johannes 13:34**?

4. Weet jy van nog iemand wat ook groot offers gebring het vir sy of haar geloof in Christus?

5. Moet ons geloof ons iets kos? Hoekom?

* NUUSFLITS: GLO REG, LEEF REG

* LEES IN GROEP: Spreuke 11:1-6

* WYSE MENSE LEEF OP DIE REGTE PAD

*** Wat leer Spreuke 11:2-6 ons oor dwase se optrede?**

Dwase dink te veel van hulleself. Hulle is hoogmoedig (vers 3). Dwase is onbetroubaar omdat hulle geen vaste beginsels het wat hulle lewe in die regte koers stuur nie (vers 4). Dwase luister nie na die Here, of na Sy voorskrifte nie. Hulle doen verkeerd. Hulle vernietig hulle eie lewens. Hulle kom uiteindelik tot 'n val (vers 5). Dwase is ook geldgierig. Hulle wil altyd net nog en nog hê. Nooit is hulle tevrede met enigiets nie (vers 6).

*** Wat is die belangrikste kenmerk van 'n wyse volgens Spreuke 11:2?**

Spreuke 11:2-4 lig 'n paar baie belangrike kenmerke van wyses se lewe uit. Eerstens gaan wysheid oor nederigheid (vers 2). Nederigheid in Spreuke is om jou plek voor die Here te ken. Nederigheid laat jou laag buig voor God. Dit maak dat jy nooit vol van jouself is nie. Of oor jouself praat en spog nie.

*** Hoekom bly wyse mense op koers volgens Spreuke 11:3? Lees ook Spreuke 12:2-3.**

Wysheid maak jou opreg (vers 3). Dit maak dat jy nie twee gesigte het, een vir die skool en een vir die kerk nie. Wysheid verander jou in 'n goeie mens voor God. Hy hou van wyse mense. Hierdie is die grootste kompliment ooit. Om te dink die groot God van aarde en hemel hou van klein mensies wat nederig is. Hy doen, regtig! Hy hou van wyses.

*** Wat red 'n wyse van die dood volgens Spreuke 11:4? Hoe help gehoorsaamheid aan God se Woord om ons paaie gelyk te maak, soos Spreuke 11:5 sê?**

Om God se wil te doen, is gelyk aan die lewe self. Sy wil is baie duidelik in Spreuke. Dit is om te buig voor Hom en om Sy gebooie in gehoorsaamheid uit te leef. Gehoorsaamheid plaas ons binne God se wil. Dit keer dat ons dwase dinge aanvang wat dalk ons lewe kan kos. Gehoorsaamheid aan God hou ons weg van sondes en van destruktiewe maniere van leef.

*** Watter lewenspaaie hou 'n groot risiko in vir 'n wyse lewenswandel volgens Spreuke 10:4, 10:12 en 11:9?**

Luiheid is 'n sonde volgens Spreuke. Dit maak luiaards arm sodat ander gedurig vir hulle moet sorg. Ook is haat en woede baie gevaarlik. Dwase blink hierin uit. Hulle woorde trek ander rondom hulle af tot op hulle eie dwase vlak. Dit is nie maar net die sogenaamde 'groot' sondes wat gevaarlik is nie, maar ook dinge soos luiheid, woede en kwaadpratery. Om sulke dinge te duld in jou eie lewe, is om jou voet op die pad van dwaasheid te plaas.

* **BID SAAM EN VRA DIE HERE** OM JULLE KRAG TE GEE OM DIE WEEK SE SPESIFIEKE WYSHEID TE GAAN LEEF.